

JESUS KOM OM VERGIFNIS, VREUGDE, LEWE TE GEE!

1 KOM TOT RUS

1.1 Hoe belangrik is dit vir jou dat Jesus juis gekom het om sondaars te red?

1.2 Kom ons kom tot rus by ons Here:

Hosea 6:1-6

¹"Kom ons gaan terug na die Here, want Hy het ons verskeur maar sal ons weer gesond maak, Hy het ons geslaan maar sal weer ons wonde verbind. ²Hy sal ons na twee dae 'n nuwe lewe laat begin. Hy sal ons op die derde dag weer krag gee sodat ons in sy teenwoordigheid kan leef. ³Kom ons wy ons aan Hom toe, kom ons streef daarna om ons aan die Here toe te wy. Die Here sal verskyn, so seker as die son opkom, Hy sal na ons toe kom soos stortreën, Hy sal ons verkwik soos lentereëns die grond verkwik." Wat moet Ek met jou doen, Efraim? ⁴Wat moet Ek met jou doen, Juda? Julle liefde is soos 'n môrewolkie: dit verdwyn so vinnig soos dou. ⁵Dit is waarom Ek julle met my profete gestriem het, julle met my woorde vernietig het. My straf oor julle kom so seker soos die lig, ⁶want Ek verwag liefde eerder as offers, toewyding aan My eerder as brandoffers.

2 KOM ONS HOOR ...

2.1 Luister na Here

2.1.1 Lees Matteus 9:1-34.

2.2 Luister na mekaar ... en na ander

2.2.1 Wat spreek jou aan? Waaroor het jy vrae? Wat laat jou opgewonde voel? En onseker?

2.2.2 In Matteus 9:1-8 wys Jesus dat Hy die **mag het om sonde te vergewe**:

- Waar is Jesus nou weer – en wat het voorheen hier gebeur? (9:1, 8:5-13)
- Wat doen mense met die verlamde en hoekom doen hulle dit? (9:2)
- Hoe sien ons in hierdie optrede hierdie mense se geloof? (9:2)
- Wat sê Jesus vir die verlamde man? (9:2)
- Wat sê die Skrifkenners oor Jesus en hoekom sê hulle dit? (9:3)
- Wat sien Jesus egter ook in hulle harte? (9:4)
- Hoekom genees Jesus hierdie verlamde man? (9:5-7)
- Wat erken die mense nie oor Jesus nie wanneer hulle God prys? (9:8)

2.2.3 In Matteus 9:9-13 beklemtoon Jesus dat Hy **graag sondaars wil red**:

- Hoe blyk Jesus se mag wanneer Hy Matteus roep om Hom te volg? (9:9)
- Hoekom is die Fariseërs omgekrap oor Jesus se saam-eet met die tollenaars en sondaars? (9:10-11)
- Hoe wys Jesus se antwoord dat die Fariseërs gedink het dat hulle Jesus nie nodig het nie? (9:12)

- Hoe bevestig Hosea 6:1-6 dat Jesus juis kom wys het dat God eerder wil gee as ontvang ... én dat die vraag is of mense wil ontvang? (9:13)

2.2.4 In Matteus 9:14-17 **vertel** Jesus dat sy teenwoordigheid 'n nuwe fase in die wêreldgeskiedenis inlui, waartydens jy ook nuut optree:

- Hoekom het die Jode in Jesus se tyd gevas? (9:14)
- Hoe verwys Jesus na Homself ... en hoekom sal daar later weer tyd wees om te vas? (9:15)
- Hoe beklemtoon die twee gelykenisse dat Jesus se teenwoordigheid mens op 'n nuwe manier laat vas? (9:16-17)

2.2.5 In Matteus 9:18-26 **wys** Jesus dat sy teenwoordigheid 'n nuwe fase in die wêreldgeskiedenis inlui ... vol vreugde!

- Hoekom is dit opvallend dat die leier juis nou kom vertel dat sy dogter dood is? (9:18)
- Hoekom is dit so erg dat die vrou 12 jaar aan bloedvloeiing gely het? (9:20)
- Wat is opvallend oor beide die leier en vrou se geloof in Jesus? (9:18, 21)
- Hoe verander Jesus die vrou se hele lewe en hoekom doen Hy dit? (9:22)
- Hoekom stuur Jesus die roubeklaers weg? (9:23-24)
- Hoe verander Jesus die man en sy dogter se hele lewe ... en wat wys dit van ons lewe nou dat Jesus gekom het? (9:25)

2.2.6 In Matteus 9:27-34 beklemtoon Matteus **hoe mense op Jesus reageer**:

- Hoekom volg die tweede blinde mans juis nou vir Jesus? (9:27)
- Wat vra Jesus van die twee mans ... wat doen Hy ... en wat is by die mans nodig om weer te kan sien? (9:28-29)
- Hoekom is Jesus so kwaai wanneer hy vir die mans sê dat hulle met niemand oor hierdie gebeure mag praat nie? Wat dui dit aan van Jesus as die Messias wat sou moes ly! (9:30-31)
- Hoekom is die hulp wat die doofstom man vra, so uniek? (9:32)
- Wat/Wie is die unieke wat na vore kom in hierdie genesing? (9:33)
- Aan wie skryf die Fariseërs Jesus se werk toe? (9:34)

2.3 **Luister weer na Here**

2.3.1 Lees weer Matteus 9:1-34

2.3.2 Wat tref jou nou?

3 **KOM ONS LEEF ...**

3.1 Jesus is Goeie Nuus: *Hy kom om vergifnis, vreugde en lewe te gee!*

3.2 In watter mate leef ek vandag uit alles wat Jesus gee ... en hoe beïnvloed dit my manier van lewe en my houding en gesindheid in my lewe?

3.3 Hoe gaan ek die goeie nuus van Matteus 8 in die wêreld leef?